DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**12 September 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Matteus 8: 28 - 34 , Lukas 8: 26 - 39 |
| **Tema** | "Jesus, Seun van God die Allerhoogste" |
| **Sang** | Psalm 48: 1<br>145: 1, 12<br>48: 5<br>42: 6, 7 |

Ken ons die Here Jesus as die Seun van God? Jesus en die dissipels kom in die landstreek van Gadara aan na die storm op die meer. 'n Besete man storm poedelnaak op hulle af. Die gebied maak deel uit van die sogenaamde Dekapolis, wat letterlik beteken "Tien Stede". Dit was nie 'n Joodse gebied nie, dus het die Joodse wette nie daar gegeld nie, en het die mense selfs met varke geboer. Dit is hier waar die man tussen die grafte bly. Grafte was grotte wat in die kant van die heuwel uitgekap is.

Sy onbeheerste optrede het daarvoor gesorg dat die inwoners hom probeer vang en met kettings geboei het om hom in bedwang te hou, maar g'n kettings kon hom beheer nie. Skerp in kontras met hierdie wilde besetene, sien ons vir Jesus wat kalm teenoor hom optree en bloot vir die man vra wat sy naam is. Die man spreek Jesus aan as "Jesus, Seun van God, die Allerhoogste". Die duiwel en al sy magte weet presies wie Jesus is. Hulle sal egter nooit vir Jesus dien nie, want hulle wil sélf die heerskappy hê. Dan kan ons natuurlik ook die vraag vra, of dit sou beteken dat as iemand vir Jesus ken en Hom erken as God, dat hy noodwendig 'n geredde persoon is? Die antwoord is 'n baie besliste "NEE!"

Voordat jy nie in Hom as jou persoonlike Verlosser en Saligmaker glo nie, het jy nie die saligheid nie. Die verrassende is, dat wanneer die man vir Jesus antwoord, blyk sy naam “Legio” te wees, wat beteken “Baie”. Die man se lewe was oorheers deur ‘n klomp demone. Die Latynse woord Legio het verwys na ‘n afdeling of legioen in die Romeinse leër wat uit tussen 3000 en 6000 soldate bestaan het. Die demone wil niks met Jesus te doen hê nie! Hulle wil net alleen gelaat word, want Jesus se teen-woordigheid is vir hulle ‘n groot bedreiging. Wanneer hulle egter in ‘n hoek gedryf word, smeek hulle om eerder na die varke toe verban te word. Hulle wil verseker nie na die doderyk verban word nie. Ons sien hoedat die varke skielik op loop sit wanneer die demone in hulle invaar. Die mense van die omgewing word gevul met vrees wanneer hulle sien hoedat die hele trop oor ‘n afgrond stort en in die see versuip. Dit is tóg ironies dat die mense Jesus smeek om liewer hulle land te verlaat. Hulle is meer besorg oor hulle finansiële verlies as oor die besetene wat hier voor hulle oë genees is en ‘n splinternuwe lewe gekry het.

Ons ken en verstaan nie God se volle raadsplan nie. Die Here stuur hom as gesonde mens na sy huis toe, om die boodskap van verlossing daar te verkondig. Hy moes aan diegene wat wegvlug, die Christus verkondig. Hierdie gebeure bevestig Jesus as die Almagtige Here. Die finale slag vind aan die kruis op Golgota, plaas. Die profesie van Gen 3: 15 word vervul – die Satan se kop word vermorsel. Hy word vir ewig verband na die poel van vuur en swael. Ons is vandag saam met Christus oorwinnaars. Die bose magte gaan ons aanval en probeer verskrik. Hulle is reeds oorwin en is eintlik magteloos. Lewe deur en uit die Heilige Gees wat ons deur die Woord toerus om in toetsende omstandighede kalm en rustig te bly en uit die geloof te leef.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Zoë Erasmus wat swak is na die chemo en bestraling. Seën in jou hersteltyd.
* Ons vra voorbidding vir Hennie Oelofse. Hy ervaar baie pyn en ongemak die afgelope tyd en moet weer chemo ontvang. Ons dink ook aan July wat moet hom bystaan en versorg.
* Ons is dankbaar dat Rika Schutte goed reageer op die behandeling wat sy ontvang.
* Ons bid vir Gerhard Maritz wat elke dag bestraling ontvang. Die plekke wat bestraal word is baie gevoelig en hy word ook moeg. Sterkte Martie en Johan met die bystand wat julle gee. Die einde van die reeks is in sig.
* Ons is dankbaar dat Zelda Erasmus se herstel na wense vorder na die operasie. Sy besoek Maandag weer die dokter.

## PEDI DAGSTUKKIES

Lidmate wat Pedi sprekende werknemers het en graag vir hulle Pedi dagstukkies wil aanstuur kan met Andre Bakker skakel (Sel nommer 083 457 1711) wat 'n Pedi dagstukkies WhattsApp groep administreer. Dagstukkies word deur 'n Pedi sprekende predekant voorberei. Op hierdie wyse word die woord van die Here ook aan ander verkondig.



# GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.*

*Filippense 4: 13*

## BYBEL AANKOPE 2020 VERTALING

Grootdruk Bybels 2020 vertaling sal vanaf middel September 2021 beskikbaar wees.
Die koste per Bybel is as volg:
Afrikaanse 2020 volledige Bybel **GROOTDRUK, swart hardeband @ R 350.00**
**(X)** Afrikaanse 2020 volledige Bybel **GROOTDRUK, luukse leeromslag, duimindeks @ R 500.00**

Lidmate wat die grootdruk Bybel wil bestel kan hulle name nou by die kerkkantoor kom opgee.

**(X Slegs beskikbaar tot einde September 2021 teen genoemde prys)**



# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 13 Sept | Wilie Erasmus<br>Lukas Van Ree | 59<br>15 | B<br>D | 083 462 4018<br>079 507 4563 |
| Di 14 Sept | Theuns Koekemoer<br>Kallie Botha<br>Monique Du Plessis | 66<br>46<br>10 | B<br>B<br>D | 082 083 1058<br>082 567 7918<br>081 094 0357 |
| Wo 15 Sept | **Marie Venter ****<br>Kallie Stassen | **84**<br>26 | B<br>D | 072 625 5324<br>079 677 3815 |
| Sa 18 Sept | **Magda Burger ***<br>Marnes Roux<br>Nina Combrink | **70**<br>24<br>4 | B<br>B<br>D | 071 376 9276<br>078 124 0964<br>073 318 8142 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 14 Sept 2019 | Anthony & Mart-Alet Schnehage | 2 | 081 476 4937<br>060 924 7149 |

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 14 Sept 2021 | 09:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 15 Sept 2021 | 18:00 | Kerk | Bybelstudie |
| 16 Sept 2021 | 09:30 | Alta Theron | Bybelstudie |

## DIAKONIE


Graag versoek ons lidmate wat **lemoen en groente sakke** het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.


Die diakonie vra asb vir skekings van bees en / of wilds vleis wat verwerk kan word vir fondse vir die diakonie. Kontak Reinhardt Weidemann op 082 610 0623.

**Die diakonie verkoop weer wildsvleis :**

**Maalvleis : R 71.43 / kg (21 beskikbaar)**
**Kookvleis : R 50.00 / kg ( 19 Beskikbaar)**
**Pasteie : 1KG pasteie @ R 100.00 elk (12 beskikbaar) & 600 gram pasteie @ R 60.00 elk (16 beskikbaar)**

***Ondersteun asb hierdie projek van die diakonie. Teen hierdie prysse kan niemand die geleentheid laat verby gaan nie. Voorkom teleurstelling en skakel Reinhardt Weidemann op 082 610 0623 om bestellings te plaas.***


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 120 826.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
INKOMSTE
UITGAWES
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 36 064.00
R 27 227.60
JUN
R 12 430.00
R 32 103.94
JUL
R 17 220.00
R 16 514.38

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

***Toe hy Jesus sien, skreeu hy en val op sy knieë voor Hom neer terwyl hy hard uitroep: "Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die Allerhoogste? Ek smeek U, moet my nie pynig nie!"***

***Lukas 8: 28***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS